VRYSTAAT & NOORD-KAAP

NUUSBRIEF / JUNIE 2008

Die Bloemfonteinkantoor sal tydelik sonder die dienste van n opleidingsfasiliteerder moet klaarkom. Dina Pretorius se besluit om met ingang 1 Julie 2008 af te tree het ons onverhoeds gevang. Gedurende haar dienstydperk van ses maande het sy uitmuntende diens aan Lede gelewer en haar administratiewe vaardighede sal gemis word. n Nierdisfunksie was uiteindelik die deurslaggewende faktor in haar besluit. Ons wens haar 'n gelukkige aftrede toe en vertrou dat haar gesondheidstoestand sal verbeter. Tot tyd en wyl 'n plaasvervanger aangestel word, word Lede gevra om met my of Doreen oor opleiding te gesels. Alternatiewelik kan daar ook met die Vereniging se Nasionale Opleidingsbestuurder, Me. Cynthia Reynders, by Hoofkantoor (011-392-0000) kontak gemaak word.

Ons simpatie gaan uit aan die naasbestaandes en kolegas van Eben Schoeman wie tragies, vroeg Saterdagoggend 28 Junie 2008, in 'n motorongeluk te Bloemfontein omgekom het. Eben was 'n finale-jaar vakleerling en in diens van Mnr. Tienie Bam van Pro-Test Elektries.

Freddie Meyer, van Freddies Elektries in Winburg, lê in die intensiewe waakeenheid van Medi-Clinic in Welkom na 'n val van 15 meter waarin hy sy rug en linkerbeen op twee plekke gebreek het. Volgens sy vrou, Estelle, sal Freddie 6 maande buite aksie wees wat die verhandeling van kontrakte waarmee hulle besig was bemoeilik. 'n Beroep word op Lede in die Goudvelde gedoen om, waar moontlik, bystand te verleen. Estelle kan by 0836359664 gekontak word.

Lede wie nog nie daarvan bewus is nie moet asseblief kennis neem dat 'n datum vasgestel is vir die langverwagte 'Tender & Estimating' kursus wat deur Calli Pieterse van Standard Electrical aangebied sal word. Alhoewel die aanbieding gedurende die laaste naweek in Maart 2009 eers sal plaasvind word Lede gevra om vroegtydiglik besprekings met die Bloemfonteinkantoor te bevestig.

Wintergroete uit Bloemfontein.